

# Nie alle klubs hou hulle blind vir dwelms, sê eienaar

Charles Smith

MEER as een dwelmslukker is glo al in sekere klubs in Bloemfontein tot in die hospitaal gemoker omdat hy dit durf waag het om die bron van sy verslawing die klub in te bring.

Ná berigte dat vermeende dwelmhandelaars in verskeie klubs aangekeer is, het een eienaar, mnr. Luigi Lupacchini, laat weet: "Ons is nie almal só nie.

"Ek is al so erg - as iemand met 'n voorskriepil by die klub inkom, sê ek: Move!"

Lupacchini, eienaar van die klubs Westend en Red's in Voortrekkerstraat, sê hy werk nou saam met die narkotikaburo (Sanab) om dwelms te bestry. Dit is deur Sanab-lede bevestig.

Hy verwelkom ook optrede soos die naweek toe strate afgesper en mense en motors deurgesoek is.

Heelwat mense in die vermaaklikheidsbedryf in Bloemfontein het 'n beleid teen dwelms. Sommige sal nie noodwendig die dwelmsmous uitlewer nie - hy gaan aangerand word. Want dit is wat die dwelmsmous doen. Hy verwoes mense se lewe.

"Ek het self 'n 13-jarige seun. Hoe kan ek sê ek gaan jou neus breek as ek dwelms by jou kry, maar ek laat dit in my klub toe? Dan kap ek mos my eie hande af.

"Die groot ding van die dwelmkultuur is as 'n mens hulle eenkeer in jou klub toelaat, kry jy hulle nie weer uit nie. Ek verander selfs die musiek in die klub om mense te huisves wat nie dwelms gebruik nie."

Hy kan egter nie heeltydse polisiëring toepas nie. Hy wil dwelms bestry deur in die openbaar te verkondig: Hy, Luigi Lupacchini, en sy personeel veg teen dwelms.

Lupacchini is al bekroon omdat hy weier dat iemand self bestuur wat te veel gedrink het. Hy vat hul sleutels af. Of hulle nou aggressief raak of nie, hy hou voet by stuk.

'n Vriend in Bloemfontein het jare lank agt ecstasy-tablette per aand gesluk. Eers toe hy die regte vrou ontmoet, het hy opgehou. Hy vra homself elke dag af hoe hy dit kon doen. Hy sal nou drie jaar moet werk om sy dwelmskulde te betaal.

"As 'n mens jou oë uitvee, skuld jy hulle R3 000. Dan het hulle jou. Moenie dink jy kom daarmee weg nie. 'n Beginner kry byvoorbeeld een tablet gratis vir elke tien wat hy verkoop."

Oor die tieners in klubs sê hy sy klubs se toegangsouderdom is streng 18, maar daar word nie in die behoeftes van die jeug voorsien nie.

"Wat doen hulle? Hulle is 16 en met 'n helse hormoonwanbalans. Hulle wil jol. Hulle wil nie SAUK-TV kyk nie, dit is swak entertainment. Die girls trek aan om so oud moontlik te lyk. Enige naweekaand is daar 5 000 tieners wat die klubs wil binnekom. Ek sê nie dit is verkeerd nie. Hulle wil party, hulle loop oor van energie."

Lupacchini sê om dwelms te bestry, moet kinders se sakgeld verminder word. 'n Ecstasy-tablet kos R80. As 'n kind R100 het, gaan hy dit gebruik.

"Kinders kan alles met R40 doen, maar hulle is bederf, bederf tot die afgrond. Hulle dra nie enige skoene en klere nie. Die skoene kos tot R1 200 'n paar."

As 'n kind teen 02:00 by die huis kom en die yskas leeg eet, moet die ouers weet dit kan weens dagga wees.

'n Kind wat weer die heeltyd met 'n bottel water rondloop, is waarskynlik op ecstasy, 'n dwelm wat 'n mens se mond erg uitdroog.

Lupacchini se boodskap is: Dit is nie verkeerd om selfs jou beste vriend aan te gee as hy of sy dwelms gebruik nie. Dit sal sy of haar lewe red. Jy hoef hulle nie noodwendig by die polisie aan te gee nie - gaan praat met hul ouers.

Klubeienaars moet ook besef hulle verrig 'n belangrike taak as plekke waar mense wil ontspan. Hulle het 'n maatskaplike verantwoordelikheid teenoor hul kliënte. Die nuwe wet is baie streng. Die staat kan beslag op jou eiendom lê as mense twee keer met dwelms in die klub betrap word.

"Moenie jou misgis nie. Daar was altyd dwelms in Bloemfontein. Ons is in die alkoholbedryf, nie

in dwelms nie.

`` 'n Knaap wat e-tablette sluk, drink niks alkohol nie, net twee glase water. Dit is slegte sake."  
dwelmbestryding nagklubs